17 JANUARIE- ONS HERDENK DIE GEBOORTE VAN DIE OU TRANSVAAL EN DIE TRANSVAALSE VIERKLEUR.



Hieroor word geskryf in die boek 500 jaar van SUID-AFRIKAANSE GESKIEDENIS, onder redaksie van prof. C.F.J. Muller. onder die opskrif: Erkenning van Transvaal se onafhafhanklikheid, die volgende:
“Op 17 Januarie 1852 is die Sandrivier-konvensie deur die verteenwoodigers van Brittanje en Transvaal onderteken. Daardeur het geen nuwe staat of regering tot stand gekom nie, maar het Brittanje bloot die soewereine onafhanklikheid erken van 'n staat wat reeds bestaan het. Hierdie staat benoorde die Vaalrivier het in September 1853 kragtens 'n besluit van sy Volksraad die naam van de Zuid-Afrikaansche Republiek (ZAR) gekry. Met die ondertekening van genoemde Konvensie het Brittanje hom ook verbind tot 'n beleid van nie-inmenging en nie-uitbreiding ten opsigte van die aangeleenthede en gebied benoorde die Vaalrivier.”

Oor die daarop volgende wel en weë van hierdie ou klein landjie het die Engelse 'n bedenklike rekord van agterbaksheid, inmenging, vertrapping, vernedering en uiteindelik grootskaalse uitmoring van vrouens en kinders en die diefstal van grond en goud opgebou wat onuitwisbaar sy neerslag in die wêreldgeskiedenis gevind het en sal ons die dag wat Engeland onder die golwe van die see gaan verdwyn,met luide gejuig verwelkom!

Die Konvensie is naby Ventersburg in die Vrystaat geteken. Daar is 'n klein monumentjie opgerig wat vandag seker vergete op die oop vlaktes van die Vrystaat gestaan het. Het ons volk dan so maklik vergeet?

Piet Rudolph .